GEDRAGSKODE VAN LEERDERS

Ek, ... onderneem om:

1. RESPEK TE BETOON AAN:

- **My Skepper**:
  ~ Deur my godsdienstige waardes, in alles wat ek doen en sê, uit te leef.
- **Myself**:
  Deur trots te wees op my:
  ~ voorkoms
  ~ kleredrag
  ~ gesindheid
  ~ integriteit
  ~ taal
- **My Medemens:**
  Opvoeders
  ~ deur my heelhartige samewerking te gee en lojaal te wees,
  ~ deur altyd hoflik op te tree,
  ~ deur gehoorsaam te wees
  Ouers en besoekers
  ~ deur met agting en respek op te tree,
  ~ deur hoflik, vriendelik en behulpsaam te wees
  Leerlingraad
  ~ deur gehoorsaam te wees,
  ~ deur hulle te respekteer en te ondersteun
  Maats
  ~ deur aan ander te doen soos ek aan myself gedoen wil hê,
  ~ deur vriendelik, beleefd en goed gemanierd teenoor my mede-leerders te wees,
  ~ deur te luister na my maats se standpunte en dit te respekteer,
  ~ deur ander se eiendom te respekteer,
  ~ deur teen niemand te diskrimineer nie
- **Die Omgewing**
  ~ deur die skoolgeboue, klaskamers en al die ander fisiese geriewe van die skool te waardeer,
  ~ deur dit netjies en skoon te hou

2. IN MY OPDREDE:

- **Lojaal te wees aan**:
  ~ my skool,
  ~ my opvoeders
  ~ my maats
- **Gesag te aanvaar**:
  ~ van enige meerdere,
  ~ my ouers, opvoeders en leiers
- **Pligsgetrou te wees**:
  ~ deur gereeld skool by te woon,
  ~ deur gereeld tuiswerk te doen,
  ~ deur altyd betyds te wees
- **Eerlik te wees**:
  ~ teenoor myself, opvoeders, ouers en maats
- **Goeie gedrag tydens buitemuurse aktiwiteite te openbaar**:
  ~ deur die toepaslike kleredrag te dra,
  ~ deur netjies en versorgd voor te kom,
  ~ deur die beeld van die skool positief uit te dra,
  ~ deur 'n lojale deelnemer en ondersteuner te wees,
  ~ deur my opponente te respekteer en hoflik teenoor hulle op te tree

---------- ----------

Handtekening: Ouer Handtekening:Leerder